Huiswerkvel 27 (Hoofstuk 14)
Afkortings en woordeskat

Vraag 1
Pas die korrekte woord (kolom B) by die korrekte afkorting (kolom A)

KOLOM A		**KOLOM B**	
1.1	str.	A	vergelyk
1.2	RSA	B	rekening
1.3	i.p.v.	C	mejuffrou/mevrou
1.4	km/h	D	volgende
1.5	me.	E	belasting op toegevoegde waarde
1.6	DBV	F	straat
1.7	bv.	G	ensovoorts
1.8	ens.	H	kilometer per uur
1.9	nm.	I	antwoord
1.10	vlg.	J	Republiek van Suid-Afrika
1.11	rek.	K	in plaas van
1.12	par.	L	byvoorbeeld
1.13	BTW	M	Dierebeskermingsvereniging
1.14	antw.	N	namiddag
1.15	vgl.	O	paragraaf

Vraag 2
Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies om die sinne te voltooi

2.1 Ek is al weer laat, want my horlosie is (agter/stadig).
2.2 Kom (in/binne); die deur is nie gesluit nie.
2.3 Hy sukkel om te sien, want hy het sy (glase/bril) by die huis vergeet.
2.4 Ek het goeie (punte/merke) in die toets behaal.
2.5 Die klok het gelui. Ons kan nou (huis toe/huistoe) gaan.
2.6 Dit was darem ’n 2.6.1(harde/moeilike) 2.6.2 (papier/vraestel).
2.7 Die span het vinnig ’n plan (gemaak/beraam) en toe die wedstryd gewen.
2.8 Bly op die (padjie/paadjie) en moenie op die gras loop nie.
2.9 My ma (kweek/groei) groente by die huis.
2.10 Die onderwyser se beste (raat/raad) is om hard te leer.
2.11 Ek gaan gedurende die skool-(vakansie/vakansies) heerlik in die see swem.
2.12 Ek (is/was) gebore op 20 Januarie 2005.
2.13 Dit het my drie (uur/ure) geneem om die koek te bak en te versier.
2.14 Pouses gesels ek (saam met/met) my vriende.

Hierdie bladsy mag gekopieer word.